

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

R0.30

Maandag 2 Julie 1984

WINDHOEK

Monday 2 July 1984

No. 4921

INHOUD:

CONTENTS:

	<i>Bladsy</i>		<i>Page</i>
GOEWERMENSKENNISGEWINGS		GOVERNMENT NOTICES	
No. AG. 85 Geslote tyd vir die jag op sekere soorte Groot- en Kleinwild, 1984: Oostelike Caprivi Zipfel	2	No. AG. 85 Close Season for the hunt of certain species of Big Game and Small Game, 1984: Eastern Caprivi Zipfel	2
No. AG. 86 Bekendmaking van Aanstelling van Lede van die Raad van die Suidwes-Afrikaanse Uitsaaikorporasie	3	No. AG. 86 Notification of Appointment of Members of the Board of the South West African Broadcasting Corporation	3
No. AG. 87 Schmelendorp, Bethanie: Instelling van Raadplegende Komitee vir	3	No. AG. 87 Schmelendorp, Bethanie: Establishment of Consultative Committee for	3
No. AG. 88 Prysbeheer: Maksimum pryse van Kunsmis	4	No. AG. 88 Price Control: Maximum Prices of Fertilizer	4
No. AG. 89 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Wysiging van Inboorlinglokasie-regulasies: Aus	4	No. AG. 89 Peri-Urban Development Board: Amendment of Native Location Regulations: Aus	4
No. AG. 90 Voorstel dat 'n pad tot 'n geproklameerde Distrikspad verklaar word: Distrik Owambo	7	No. AG. 90 Proposal that a road be declared a proclaimed District Road: District of Owambo	7
ALGEMENE KENNISGEWINGS		GENERAL NOTICES	
No. 63 Munisipaliteit Swakopmund: Wysiging van Waterleweringsregulasies	8	No. 63 Municipality of Swakopmund: Amendment of Water Supply Regulations	8
No. 64 Munisipaliteit Tsumeb: Konsepdorpsbeplanningskema (Voorlopig)	8	No. 64 Municipality of Tsumeb: Draft Town Planning Scheme (Preliminary)	8

Goewermentskennisgewings

Government Notices

Kantoor van die

Office of the

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN
NATUURBEWARING

No. AG. 85 1984

GESLOTE TYD VIR DIE JAG OP SEKERE
SOORTE GROOT- EN KLEINWILD, 1984:
OOSTELIKE CAPRIVI ZIPFEL

Kragtens artikel 5(1)(a) van die Ordonnansie op
Wildbeskerming 1951 (Ordonnansie 11 van 1951)
skryf ek hierby voor -

- (a) dat die tydperk vanaf 1 Augustus 1984 tot en
met 30 Mei 1985 die geslote tyd * is vir die
jag, ingevolge die bepalings van artikels 7 en 9,
maar behoudens die ander bepalings van
genoemde Ordonnansie, op dié soorte wild
genoem in die Eerste en Derde Bylaes by
genoemde Ordonnansie, naamlik Buffels
(*Syncerus caffer*), Gemsbokke (volwasse)
(*Oryx gazella*), Hartebeeste (*Alcelaphus*
species), Koedoes (*Strepsiceros strepsiceros*),
Volstruise (*Struthio australis*), Tsessebes of
Basterhartebeeste (*Damaliscus lunatus*),
Duikers (*Silvicapra grimmia*), Springbokke
(*Antidorcas marsupialis*) en Vlakvarke
(*Phacochoerus aethiopicus*);
- (b) dat die tydperk vanaf 1 Oktober 1984 tot en
met 31 Julie 1985 die geslote tyd x is vir die
jag, ingevolge die bepalings van artikel 9,
maar behoudens die ander bepalings van
genoemde Ordonnansie, op dié soorte
kleinwild genoem in die Derde Bylae by
genoemde Ordonnansie, naamlik elke soort
wilde-eend en - gans, elke soort van
frankolinus (ook bekend as fisante en patryse),
elke soort sandhoender (ook bekend as
namakwapatryse), Tarentale en elke soort
kwartel;
- (c) dat die in paragrawe (a) en (b) bedoelde geslote
tydperke van toepassing is ten opsigte van die
hele Oostelike Caprivi Zipfel.

* Die effek hiervan is dat dié soorte wild
genoem in paragraaf (a), onderworpe aan
die voorbehoude wat gestel word, gedurende
die tydperk vana f 31 Mei 1984 tot en met
31 Julie 1984 gejag mag word.

x Die effek hiervan is dat dié soorte kleinwild
genoem in paragraaf (b), onderworpe aan

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND
NATURE CONSERVATION

No. AG. 85 1984

CLOSE SEASON FOR THE HUNT OF
CERTAIN SPECIES OF BIG GAME AND
SMALL GAME, 1984: EASTERN CAPRIVI
ZIPFEL

Under section 5(1)(a) of the Game Preservation
Ordinance, 1951 (Ordinance 11 of 1951), I hereby
prescribe -

- (a) that the period from 1 August 1984 up to and
including 30 May 1985 shall be the close
season * for the hunt, in terms of the
provisions of sections 7 and 9, but subject to
the other provisions of the said Ordinance, of
the species of game mentioned in the First and
Third Schedules to the said Ordinance, namely
Buffalo (*Syncerus caffer*), Gemsbuck (adult)
(*Oryx gazella*), Hartebeest (*Alcelaphus*
species), Kudu (*Strepsiceros strepsiceros*),
Ostrich (*Struthio australis*), Sassyby
(*Damaliscus lunatus*), Duiker (*Silvicapra*
grimmia), Springbuck (*Antidorcas*
marusupialis), Warthog (*Phacochoerus aethio-*
picus) and Wildpig;
- (b) that the period from 1 October 1984 up to and
including 31 July 1985 shall be the close
season x for the hunt, in terms of the
provisions of section 9, but subject to the other
provisions of the said Ordinance, of the
species of small game mentioned in the Third
Schedule to the said Ordinance, namely all
varieties of wild duck and geese, all varieties
of the francolin species (otherwise known as
pheasants and partridges), all varieties of the
sand grouse (otherwise known as Namaqua-
land partridges), Guinea-fowl and all kinds of
quails;
- (c) that the close seasons referred to in paragraphs
(a) and (b) shall be applicable to the whole of
the Eastern Caprivi Zipfel.

* The effect of this is that the species of game
mentioned in paragraph (a) may, subject to
the stated provisos, be hunted during the
period from 31 May 1984 up to and in-
cluding 31 July 1984.

x The effect of this is that the species of small
game mentioned in paragraph (b) may, sub-

die voorbehoude wat gestel word, gedurende die tydperk vanaf 1 Augustus 1984 tot en met 30 September 1984 gejag mag word.

W.A. VAN NIEKERK

Administrateur-generaal

Windhoek, 28 Mei 1984

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. AG. 86

1984

BEKENDMAKING VAN AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE RAAD VAN DIE SUIDWES-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE

Ingevolge artikel 4(5) van die Uitsaaiwet, 1976 (Wet 73 van 1976), word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 4(2) van genoemde Uitsaaiwet, 1976, die volgende lede in die raad van die Suidwes-Afrikaanse Uitsaai korporasie vir die tydperk wat eindig op 30 April 1987 aangestel het:

Pieter Jacobus Venter	Voorsitter
Laban Hamata	
Olga May Levinson	
Gert Johannes Yssel	

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. AG. 87

1984

SCHMELENDORP, BETHANIE: INSTELLING VAN RAADPLEGENDE KOMITEE VIR

Kragtens artikel 2(1) van die Ordonnansie op die Instelling van Bestuursvorme in Kleurlingdorpe 1965 (Ordonnansie 34 van 1965) stel ek hierby 'n raadplegende komitee in vir die Kleurlingdorp Schmelendorp, wat geleë is binne die regsgebied van die Dorpsbestuur van Bethanie.

W.A. VAN NIEKERK

Administrateur-generaal

Windhoek, 7 Junie 1984

ject to the stated provisos, be hunted during the period from 1 August 1984 up to and including 30 September 1984.

W.A. VAN NIEKERK

Administrator-General

Windhoek, 28 May 1984

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. AG. 86

1984

NOTIFICATION OF APPOINTMENT OF MEMBERS OF THE BOARD OF THE SOUTH WEST AFRICAN BROADCASTING CORPORATION

In terms of section 4(5) of the Broadcasting Act, 1976, (Act 73 of 1976), notice is hereby given that the Administrator-General has under section 4(2) of the said Broadcasting Act, 1976, appointed the following members to the board of the South West African Broadcasting Corporation for the period ending on 30 April 1987;

Pieter Jacobus Venter	Chairman
Laban Hamata	
Olga May Levinson	
Gert Johannes Yssel	

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. AG. 87

1984

SCHMELENDORP, BETHANIE: ESTABLISHMENT OF CONSULTATIVE COMMITTEE FOR

Under section 2(1) of the Establishment of Local Government in Coloured Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 34 of 1965), I hereby establish a consultative committee for Schmelendorp Coloured Township, which is situated within the area of jurisdiction of the Village Management Board of Bethanie.

W.A. VAN NIEKERK

Administrator-General

Windhoek, 7 June 1984

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

No. AG. 88 1984

PRYSBEHEER: MAKSIMUMPRYSE VAN KUNSMIS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 4 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964), herroep ek hierby Goewermentskennisgewing AG. 57 van 1981 met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

P.R. KRUGER

Pryskontroleur Windhoek, 8 Junie 1984

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. AG. 89 1984

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING: WYSIGING VAN INBOORLINGLOKASIEREGULASIES: AUS

Die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling het kragtens artikel 32(2) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 56 van 1951), gelees met artikel 10(3) van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 50 van 1970, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 32(4) van genoemde Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951.

BYLAE

Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 50 van 1970 word hierby gewysig -

- (a) deur in die opskeif en die opskeif van die Bylae die uitdrukking "Munisipaliteit van Aus" deur die uitdrukking "Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Aus" te vervang;
- (b) deur in regulasie 1 van Hoofstuk I in die omskrywing van "ingenieur" die uitdrukking "Munisipaliteit van Aus" deur die uitdrukking "Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling" te vervang;
- (c) deur in regulasie 1 van Hoofstuk I die omskrywing van "Raad" deur die volgende omskrywing te vervang:

DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. AG. 88 1984

PRICE CONTROL: MAXIMUM PRICES OF FERTILIZER

Under the powers vested in me by section 4 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), I hereby repeal Government Notice AG. 57 of 1981 with effect from the date of publication of this notice.

P.R. KRUGER

Price Controller Windhoek, 8 June 1984

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. AG. 89 1984

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD: AMENDMENT OF NATIVE LOCATION REGULATIONS: AUS

The Peri-Urban Development Board has under section 32(2) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), read with section 10(3) of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970), amended the regulations promulgated under Government Notice 50 of 1970, as amended, as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 32(4) of the said Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951.

SCHEDULE

The regulations promulgated under Government Notice 50 of 1970 are hereby amended -

- (a) by the substitution in the heading and the heading of the Schedule for the expression "Municipality of Aus" of the expression "Peri-Urban Development Board: Aus";
- (b) by the substitution in the definition "engineer" in regulation 1 of Chapter I for the expression "Municipality of Aus" of the expression "Peri-Urban Development Board";
- (c) by the insertion in regulation 1 of Chapter I after the definition of "advisory board" of the following definition:

“Raad” die Raad vir die Buitestedelike Ontwikkeling, ingestel kragtens artikel 2 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970);”;

- (d) deur in regulasie 1 van Hoofstuk I in die omskrywing van “stadsgebied” die woord “munisipale” te vervang met die woord “buitestedelike”;
- (e) deur in die Engelse teks van regulasie 1 van Hoofstuk I die omskrywing van “Council” te skrap;
- (f) deur regulasie 29 van Hoofstuk II deur die volgende regulasie te vervang:

“TARIEF VAN HUURGELDE EN VORDERINGS.

29. (1) Elke geregistreerde bewoner of huurder is aanspreeklik vir betaling aan die Raad in die kantoor van die superintendent van die toepaslike huurgelde en vorderings soos in Aanhangsel V by hierdie regulasies voorgeskryf, en moet, behoudens die bepalings van subregulasie (2), sodanige huurgelde en vorderings vooruitbetaal.

(2) Waar ’n sodanige vordering bereken moet word op verbruik oor ’n periode in die toepaslike tarief genoem, is sodanige vordering betaalbaar op die eerste dag wat op sodanige periode volg.”;

- (g) deur paragraaf (vi) van regulasie 32(1) van Hoofstuk VIII deur die volgende paragraaf te vervang:

“(vi) die Sekretaris van die Raad;”;

- (h) deur in aanhangsels I, II, III en IV die uitdrukking “Munisipaliteit van Aus” deur die uitdrukking “Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Aus” te vervang;
- (i) deur in Aanhangsels I, II, III en IV die woord “Munisipale” te skrap;
- (j) deur in tarief 1 van Aanhangsel V die bedrag “R0,55” deur die bedrag “R0,65” te vervang;
- (k) deur in tarief 2 van Aanhangsel V die bedrag “R2,90” deur die bedrag “R3,35” te vervang;
- (l) deur in tarief 3 van Aanhangsel V die bedrag “R1,40” deur die bedrag “R1,60” te vervang;

“Board” means the Peri-Urban Development Board, established under section 2 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970);”;

- (d) by the substitution in the definition “urban area” in regulation 1 of Chapter I for the word “municipal” of the word “peri-urban”;
- (e) by the deletion in regulation 1 of Chapter I of the definition of “Council”;
- (f) by the substitution for regulation 29 of Chapter II of the following regulation:

“TARIFF OF RENTS AND CHARGES.

29. (1) Every registered occupier or lessee is liable for payment to the Board in the office of the superintendent of the applicable rents and charges as prescribed in Annexure V to these regulations, and shall, subject to the provisions of subregulation (2), pay such rents and charges in advance.

(2) Where any such charge is to be computed on consumption over a period mentioned in the applicable tariff, such charge shall be payable on the first day following such period.”;

- (g) by the substitution for paragraph (vi) of regulation 32(1) of Chapter VIII of the following paragraph:

“(vi) the Secretary of the Board;”;

- (h) by the substitution in Annexures I, II, III and IV for the expression “Municipality of Aus” of the expression “Peri-Urban Development Board: Aus”;
- (i) by the deletion in Annexures I, II, III and IV of the word “Municipal”;
- (j) by the substitution in tariff 1 of Annexure V for the amount “R0,55” of the amount “R0,65”;
- (k) by the substitution in tariff 2 of Annexure V for the amount “R2,90” of the amount “R3,35”;
- (l) by the substitution in tariff 3 of Annexure V for the amount “R1,40” of the amount “R1,60”;

(m) deur tarief 4 van Aanhangsel V deur die volgende tarief te vervang:

“ 4. *Vir Water:*

(a) Huise deur die Raad verhuur:

(i) Vir elke kiloliter of gedeelte van 'n kiloliter in 'n maand verbruikR0,51;

(ii) 'n Minimum vordering, per maand R3,50;

(iii) Huur van watermeter, per maand R0,20.

(b) Per perseelhuurder, per maand of 'n gedeelte van 'n maand R2,40;

(c) Per enkelkwartierhuurder, per maand of 'n gedeelte van 'n maandR3,35.”;

(n) deur tarief 5 van Aanhangsel V deur die volgende tarief te vervang:

“ 5. *Nagvuilverwydering:*

Per maand of 'n gedeelte van 'n maand R6,45”;

(o) deur in tarief 6(a) van Aanhangsel V die bedrag “R0,10” deur die bedrag “R1,15” te vervang;

(p) deur in tarief 6(b) van Aanhangsel V die bedrag “R0,35” deur die bedrag “R4,60” te vervang;

(q) deur in tarief 6(c) van Aanhangsel V die bedrag “R0,20” deur die bedrag “R2,30” te vervang;

(r) deur in Aanhangsel VI die uitdrukking “Munisipaliteit van Aus” deur die uitdrukking “Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Aus” te vervang;

(s) deur in Aanhangsel VI die woord “Munisipale” te skrap;

(t) deur in Aanhangsel VII die opskrif “Munisipaliteit van Aus” deur die opskrif “Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Aus” te vervang;

(m) by the substitution for tariff 4 of Annexure V of the following tariff:

“ 4. *For Water:*

(a) Houses let by the Board:

(i) For each kiloliter or part of a kiloliter consumed in a month R0,51;

(ii) A minimum charge, per monthR3,50;

(iii) Rental for water meter, per month R0,20

(b) Per lessee of a site, per month or part of a month R2,40

(c) Per tenant of single quarters, per month or part of a month R3,35.”;

(n) by the substitution for tariff 5 of Annexure V of the following tariff:

“ 5. *Removal of night soil:*

Per month or part of a month R6,45.”;

(o) by the substitution in tariff 6(a) of Annexure V for the Amount “R0,10” of the amount “R1,15”;

(p) by the substitution in tariff 6(b) of Annexure V for the amount “R0,35” of the amount “R4,60”;

(q) by the substitution in tariff 6(c) of Annexure V for the amount “R0,20” of the amount “R2,30”;

(r) by the substitution in Annexure VI for the expression “Municipality of Aus” of the expression “Peri-Urban Development Board”;

(s) by the deletion in Annexure VI of the word “Municipal”;

(t) by the substitution in the heading of Annexure VII for the expression “Municipality of Aus”, of the expression “Peri-Urban Development Board: Aus”;

- (u) deur in Aanhangsel VII die uitdrukking "Munisipaliteit van Aus" deur die uitdrukking "Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling" te vervang;
- (v) deur in Aanhangsel VII die woorde "Stadsklerk" en "Burgemeester" deur, onderskeidelik, die woorde "Sekretaris" en "Voor-sitter" te vervang; en
- (w) deur in die Engelse teks die woord "Council" oral waar dit voorkom deur die woord "Board" te vervang.

- (u) by the substitution in Annexure VII for the expression "Municipality of Aus" of the expression "Peri-Urban Development Board";
- (v) by the substitution in Annexure VII for the expression "Town Clerk" and "Mayor" of the words "Chairman" and "Secretary", respectively; and
- (w) by the substitution for the word "Council", wherever it occurs, of the word "Board".

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 90

1984

VOORSTEL DAT 'N PAD TOT 'N
GEPROKLAMEERDE DISTRIKSPAD
VERKLAAR WORD: DISTRIK OWAMBO

Ingevolge artikel 20(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van Vervoer voorstel dat die pad wat in die Bylae beskryf en op sketskaart P1241 aangetoon word, tot 'n geproklameerde distrikspad verklaar moet word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die voorstel betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Tsumeb, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde voorstel word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Sekretaris van Vervoer, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

Die in hierdie kennisgewing bedoelde pad loop oor, en is in sy geheel geleë op die gemeenskaplike grond van die Owambo's bedoel in artikel 32 van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Owambo's, 1980 (Proklamasie AG. 23 van 1980).

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 90

1984

PROPOSAL THAT A ROAD BE DECLARED
A PROCLAIMED DISTRICT ROAD:
DISTRICT OF OVAMBO

In terms of section 20(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Secretary for Transport proposes that the road described in the Schedule and shown on sketch-map P1241, be declared a proclaimed district road.

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the proposal refers, and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned hereunder lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Tsumeb, during normal office hours.

Every person having any objection to the above-mentioned proposal is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Secretary for Transport, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

The road referred to in this notice runs across, and is entirely situated on, the communal land of the Ovambos referred to in section 32 of the Representative Authority of the Ovambos Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 23 of 1980).

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1241) op grootpad 92 algemeen suidsuidweswaarts en al meer suidsuidooswaarts tot op 'n punt (B op sketskaart P1241) naby die plek bekend as Olifa.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1241) on main road 92 generally south-south-westwards and more and more south-south-eastwards to a point (B on sketch-map P1241) near the place known as Olifa.

Algemene Kennisgewings

General Notices

No. 63

1984

**MUNISIPALITEIT SWAKOPMUND:
WYSIGING VAN WATERLEWERINGS-
REGULASIES**

Die raad van die Munisipaliteit Swakopmund het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 269 van 1947, soos gewysig, verder gewysig -

- (a) deur in item 1(a) van Bylae B die bedrag "R3,88" deur die bedrag "R4,48" te vervang; en
- (b) deur in item 1(b) van Bylae B die bedrag "R0,485" deur die bedrag "R0,561" te vervang.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

No. 63

1984

**MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND:
AMENDMENT OF WATER SUPPLY
REGULATIONS**

The council of the Municipality of Swakopmund has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the regulations promulgated under Government Notice 269 of 1947, as amended -

- (a) by the substitution in item 1(a) of Schedule B for the amount "R3,88" of the amount "R4,48"; and
- (b) by the substitution in item 1(b) of Schedule B for the amount "R0,485" of the amount "R0,561".

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

No. 64

1984

MUNISIPALITEIT TSUMEB
KENNISGEWING NR. 19/84
**KONSEPDORPSBEPLANNINGSKEMA
(VOORLOPIG)**

Kennis geskied hiermee ooreenkomstig regulasie 5 van die Dorpsbeplanningsregulasies, 1974, afgekondig by Goewermentskennisgewing nr. 102 van 1 Junie 1974, dat die Stadsraad van die Munisipaliteit van Tsumeb, voornemens is om sy konsepdorpsbeplanningskema (voorlopig) te aanvaar.

No. 64

1984

MUNICIPALITY OF TSUMEB
NOTICE NO. 19/84
**DRAFT TOWN PLANNING SCHEME
(PRELIMINARY)**

Notice is hereby given in terms of regulation 5 of the Town Planning Regulations, 1974, promulgated by Government Notice No. 102 of the 1st June 1974, that the Council of the Municipality of Tsumeb intends to adopt its draft town planning scheme. (preliminary).

Die konsepdorpsbeplanningskema (voorlopig) lê ter insae in die Munisipale Kantore, Tsumeb, gedurende kantoorure en enige skriftelike besware of verhoë moet die Stadsklerk, Posbus 275, Tsumeb, nie later as een maand na die datum van die laaste publikasie van hierdie kennisgewing in die Offisiële Koerant bereik nie.

O.J. BRITZ
STADSKLERK

Munisipale Kantore
Posbus 275
TSUMEB
9000

The said draft town planning scheme (preliminary) is available for inspection at the Municipal Offices, Tsumeb, during office hours.

All written objections or representations must reach the Town Clerk, P.O. Box 275, Tsumeb, within a period of one month from the date of the last publication of this notice in the Official Gazette.

O.J. BRITZ
TOWN CLERK

Municipal Offices
P.O. Box 275
TSUMEB
9000